Die Vleiloerie
NG Kerk Karatara
Sedgefieldwyk

7 Hoepoestraat
Posbus 1195
Sedgefield, 6573

kantoor@ngksedgefield.co.za
ngksedgefield.co.za
044 343 2033
FB - NGKerkKarataraSedgefield
Youtube - NG Kerk Karatara

Goeie môre en hartlik welkom by vandag se EREDIENS.
Dit is ons gebed dat hierdie diens vir u tot seën sal wees.
Ds Marius Coetzee bring die Woord
Skriflesing: 2 Pet. 1 : 2-11
Tema: Ryklike toegang tot die hemelse koningkryk
5 November 2023

OOR NIKS EN ALLES Eugene Kemp

Kom jy ook soms by ‘n stasie waar die te veel van die lewe sy tentakels om jou vou en die *niks maak meer sin en alles voel tevergeefs*, heeltemal te lank by jou vertoef. So dink ek oor die gedeelte waar ek niks en alles raak lees: “*Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus”.* Filippense 4:6,7

God is in die ekstreme. Wanneer ons in ons gemaklike middelgrond funksioneer, is dit relatief maklik, maar juis in die ekstreme van *niks of alles*, kan ons lewensmotor stotter. In die *oor niks besorg wees nie*, is die risiko van dat besorg wees my alles kan toevou en niks anders meer sin maak nie.

Aan die suiderpool is daar ook nie ‘n flouerige alternatief van sommige aspekte nie, maar wel ‘n alles. Hoe baie bevind ek my nie in ‘n niemandsland waar dele van my lewe in lyn is met God se plan vir my lewe, maar hou ek krampagtig was aan die heerskappy van sekere aspekte.

En so word gebed en dankbaarheid die brug na die land van die ekstreme. Dan kan ek oor niks besorg wees nie en is daar ‘n bonatuurlike omvou wat nie met grysstof en neurons woorde gegee word nie, maar wat heuningsoet in die gemoed kom lê. ‘n Vrede wat alle verstand te bowe gaan en wag hou oor my hart en my dink.

Gebedsversoeke:

Bybelgenootskap (bybelgenootskap.co.za): Nieu-Seeland: Bid vir goeie verhoudinge tussen die Katolieke Kerk en die Bybelgenootskappe in die Asië-Pasifiese gebied. Bid dat Bybelgenootskapprojekte groter Bybelbetrokkenheid onder Katolieke sal bevorder. Bid vir beter kommunikasie met Katolieke en vir fondse.

Geopende deure (opendoors.org.za): Mali: Naomi* is’n Christen in Mali wat nie deur die geweld verhard is nie. “Ek moet selfs aan my grootste vyande liefde betoon,” sê sy. Prys die Here vir haar Goddelike naasteliefde.

Verjaarsdae

6 November – Doraine Avenant, Heleen Scheepers, Susara Nicholson, Wessel vd Merwe, Christof Delport	**8 November –** Eddie Coetzee, George Gultic, Marianne v Santen, Dorinda Zondagh, Reinhardt Herselman
9 November – Pieter Brinckmann, Danny Kruger	**10 November –** Burger v Blommenstein, Barry Gerber, Leatitia du Toit
11 November – Liz Elston	

Baie dankie aan almal wat op enige manier betrokke was by die basaar en gehelp het om dit ‘n sukses te maak!
Alle eer aan ons Vader!

Kom geniet tee/koffie na die diens vanoggend. Jy is welkom!

Hierdie week se aktiwiteite

Gemeente Biduur – Dinsdae 08:00-09:00 in die konsistorie. Gebed is ‘n belangrike deel van kerkwees! Kom bid saam vir ons gemeente, sake van die dag asook wat op jou hart mag wees.

Vroue Bybelstudie groep - Dinsdae om 10h00 hier in die kerk. Dit is ṅ heerlike reis van geestelike groei – jy is baie welkom liewe vrou 😊

Vrydagoggend 05:00-06:00 Manne-bid-en-koffie – Alle mans is welkom!

Bruinkas – Onthou jou bruingeld / kleingeld, wat jou beursie laat kreun en knor – bring dit en gooi dit daarin – hierdie jaar gee ons die opbrengs vir Jan Kriel Tehuis.

TEKS VIR DIE WEEK Pred 3:1 Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd.